**Titel:** 'n Hart vir die nasies
**Spreker:** Alistair Kingwill
**Datum:** 1 Maart 2015
**Tyd:** 09:00

**Hoe gaan die hemel lyk?**

**openbaring 5:8-10**

8 Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, **die gebede van die gelowiges**.
9 Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit **elke stam en taal en volk en nasie**.
10 U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer."

**openbaring 7:9-10**

9 Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van **elke nasie, stam, volk en taal** en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande.
10 Hulle het hard uitgeroep: "Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!"

1. **Sonde het die nasies verstrooi**

   **genesis 11:9**

   9 Daarom het hulle die stad Babel genoem, want daar het die Here in die taal van die aarde verwarring gebring, en van daar af het Hy die mense **oor die hele aarde verstrooi**.

2. **God bring die nasies bymekaar**

   **genesis 12:2-3 (AOV)**

   2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.
   3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal **al die geslagte van die aarde geseën word**.

   **genesis 22:18 (AOV)**

   18 En in jou nageslag sal **al die nasies van die aarde geseën word**, omdat jy na my stem geluister het.

   **johannes 3:16-17**

   16 "God het **die wêreld** so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat **dié wat in Hom glo**, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.
   17 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

3. **Die oes is ryp**

   **johannes 4:34-38**

   34 Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.
   35 Sê julle nie: 'Nog vier maande, dan is die oes daar' nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; **hulle is ryp vir die oes**.
   36 Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe. **So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly**.
   37 Hier is die gesegde waar: 'Die een saai, en die ander een maai.'
   38 Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle **pluk die vrug van hulle arbeid**."

4. **Sal jy vir die nasies VRA?**

   **psalm 2:8**

   8 Vra My, en Ek gee **volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting**.

**markus 11:17**
[17] Toe het Hy die mense geleer en vir hulle gesê: "Staan daar nie geskrywe: 'My huis sal 'n **huis van gebed vir al die nasies** wees' nie? Maar julle het dit 'n rowersnes gemaak."

5. **Sal jy na die nasies toe GAAN?**

**mattheus 28:18-20**
[18] Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.[19]
Gaan dan na **al die nasies toe en maak die mense my dissipels**: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20] leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

**lukas 24:46-47 (AOV)**
[46] En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, [47] en bekering en vergewing van sondes **in sy Naam verkondig word aan al die nasies**, van Jerusalem af en verder.

**handelinge 1:8**
[8] "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

6. **Toevalling?**

**handelinge 2:5-6 (AOV)**
[5] En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.
[6] En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek.